

HOOFSTUK I

DIE TREKKE NA ARGENTINIË

Aan die begin van hierdie eeu in 1902, 1903, 1905 en 1906, het 'n aantal Suid-Afrikaners Suid-Afrika verlaat om hulle in Argentinië, Suid-Amerika, te vestig.¹⁾ Die presiese getal wat die land in die jare verlaat het, kan baie moeilik vasgestel word. Volgens beskikbare statistiek en registers sal ons nie ver verkeerd wees as ons die totaal op ongeveer 550 tot 600 persone, klein en groot, stel nie.²⁾

1. Die aanleidende oorsake tot die Trekke

Alle beskikbare literatuur uit die tyd skryf die verhuising van die mense na Argentinië toe aan die ongelukkige afloop van die Anglo-Boereoorlog vir die destydse twee Boererepublieke, t.w. die Z.A.R. en die Oranje-Vrystaat. Veral publikasies in die buiteland het hierdie beweegrede baie sterk beklemtoon. So skryf dr. J. van Lonkhuijzen: „Men kent het ontstaan, dezer Boerenkolonie.³⁾ Na het einde van den voor Zuid-Afrika zoo ongelukkigen oorlog in 1902, waren er een aantal Boeren, die zich niet aan het Engelsche Gouvernement wilden onderwerpen. De Argentijnsche Regeering bood hun land aan en daarheen zijn toen ongeveer 250 families heengetrokken, meestal zeer degelijke mannen, waaronder oudleden van het Parlement van Transvaal of Kaapkolonie”.⁴⁾

-
- 1) „Ons Land”, 26 Januarie 1904, art. van ds. L.P. Vorster. Die Kerkbode, 26 Oktober 1905. Die Kerkbode, 28 Aug. 1906.
 - 2) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 1/1, 3/1, 3/2, 3/3, 3/4.
 - 3) Hy verwys hier na die Boerekolonie in die suide van Argentinië.
 - 4) Van Lonkhuijzen, dr. J., „Argentinië” — Een Belangrijk Land, ook voor Nederlanders”, Wageningen "VADA" 1908 — G.K.A. Buenos Aires.

Ook in ander blaaië in Nederland is daar oor hierdie mense geskryf en oor die beweegredes waarom hulle Suid-Afrika verlaat het. So verhaal „De Heraut" van 'n aantal Afrikaners wat na die Anglo-Boereoorlog Suid-Afrika verlaat het, omdat hulle na die lange ervaring van hulle ouers en grootouers, geen kans gesien het om met die Engelse hier klaar te kom nie.⁵⁾

Die bekende Argentynse historikus, dr. Armando Braun Menendez, sê dat die emigrasie van die Boere⁶⁾ na Argentinië nie onder ekonomiese, politieke of sosiale oorsake geklassifiseer kan word nie. Hierdie emigrasie is 'n gevolg van die "Transvaalse Oorlog". Na die heroïese stryd van die twee klein Boererepublieke teen die magtige Britse empire het baie families, nadat hulle hulle vryheid verloor het, besluit om eerder in ballingskap te gaan as om te lewe onder die bestuur van die oorwinnaar. Die kenmerkende van die Boere-emigrasie was dus die soeke na vryheid.⁷⁾

Ook ds. A.J. Jacobs wat in 1907 met sy werk onder die Boere begin het, kom op die vryheidstrewes van die Afrikaner terug. Hy sê dat die trekgees 'n kenmerk van die Boer is en dat hy graag trek „en toe hy bewus of onbewus in 1902 tot in die diepte van sy siel geroer word, toe sê hy andermaal, skynbaar onverskillig: „vat jou goed en trek Ferreira" In 1902 het baie mense die ou hunker na die onbegrensde gevoel,

-
- 5) „De Heraut" soos aangehaal deur „Die Brandwag", 1 Mei 1915.
- 6) Die nasionaliteit van die Afrikaners het in Argentinië bekend gestaan as "BOER", 'n Dominé, „Reisavonture op Land en See", Kaapstad : 1920, The Rustica Press Ltd.
- 7) Menendez, dr. Armando Braun : „La Colonizacion Boer en la Patagonia", Del Boletín de la Academia Nacional de la Historia Vol. XLIII, Buenos Aires 1970, p.3.

die gevoel van „laat my met myself alleen — laat my nou weer volkome vry wees!“⁸⁾

Ook ds. A.D. Lückhoff, die tweede predikant uit Suid-Afrika wat die Boere in Argentinië gaan besoek het, sien die emigrasie as 'n gevolg van die Anglo-Boereoorlog: „Die emigrasie van die Boerekoloniste uit Suid-Afrika naar Patagonia,⁹⁾ Argentinië, moet beskou word as 'n direkte gevolg van die Boereoorlog 1899 - 1902. Teleurstelling met die afloop van die oorlog, gepaard met kniesing onder bittere verliese en sware boetes, het hierdie Afrikaners so diep in die hart gegryp dat dit 'n gevoel van teensin in die vaderland verwek het, en die

8) 'n Dominé, „Reisavonture op Land en See“, Kaapstad : 1920, The Rustica Press Ltd.

9) Die suidelike deel van Suid-Amerika het vroeër bekend gestaan as Patagonië. Kragtens die traktaat van 1881, het Argentinië en Chili die Andesgebergtes as grenslyn van noord na suid tussen hulle vasgestel, en so is Patagonië-oos by Argentinië geïnkorporeer. (Menendez a.w., voetnoot 2). Patagonië is dus die deel ten suide van die Rio Negro en oos van die Andesgebergtes tot aan die Atlantiese oseaan. Dit beslaan 259,625 vk. Engelse myle. Die klimaat en die geaardheid van die gebied noord van die rivier verskil geweldig van die gebied suid van die rivier. Patagonië word die woestyn van Argentinië genoem. Die deel is ook bitter koud en die mense geniet hier slegs 'n paar maande somer in die jaar. In die noorde is die reënval ook baie groter as in die suide, en in die suide, Patagonië, kan nie aan saaiery gedink word nie. Die deel laat 'n mens baie dink aan sekere dele van die Groot Karoo. „Na hierdie suidhoek van Argentinië“, so skryf ds. Van Huyssteen, „wat gewoonlik beskou was as die ashoop van die land, en wat deur Darwin 'n tagtig jaar gelede beskryf was as die „Curse of Sterility“, het ons bloed hulle begeef met die hoop om beter te doen“ (’n Besoek aan die Boere in Argentinië, Van Huyssteen, ds. D.P., p.4, 7, 13.

ingebore trekgees wakker gemaak het".¹⁰⁾ Wanneer ds. D.P. van Huyssteen die saak in behandeling neem, dan skryf hy: „Blykbaar word deur vele uit die oog verloor dat die emigrasie van die Boere uit Suid-Afrika na Patagonië in die nouste verband gestaan het met die ongelukkige afloop van die verwoestende Boereoorlog (1899 - 1902). Teleurstelling met die afloop daarvan, gepaard met sware verliese deur hulle verduur, het die begeerte by hulle laat ontstaan om 'n nuwe toevlugsoord te soek, waar hulle soos hulle tog dit eerlik gemeen het, gelukkiger en welvarender kan wees vir die toekoms en waar hulle vir hul kinders 'n gelukkiger lewe kan aanbied. Die droombeelde van 'n seer gelukkige en onbekommerde toekoms het dieper ingewerk op die gemoedstoestand van die mense, wat reeds diep gevoel het oor die sake, wat hulle leed en ellende veroorsaak het".¹¹⁾

Aangrypend teken P.H. Henning, wat self die trek van 1905 meegemaak het, die verband tussen die oorlog en die emigrasie van die Boeremense na Argentinië. „Drie jaar van worstelstryd teen die magtige Albion het in 1902 ten einde gekom met die sluiting van die Vrede van Vereeniging. Drie jaar lank het die Boere geveg vir die behoud van hul onafhanklikheid, en op Vereeniging moes hulle afstand doen daarvan. Die toekoms vir Transvaal en die Vrystaat, en ook vir baie van die Kolonialers, was duister. Die oorlog was oor, maar die lewe was nog voor en die mense kon hulle nie versoen met die nuwe toestand nie Die plase in Transvaal en die

10) Lückhoff, A.D., ds., Die Afrikaners in Argentinië, Hf. I, p.3. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1926.

11) Van Huyssteen, ds. D.P., „'n Besoek aan die Boere in Argentinië". Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein, Hf. I, p.1.

Vrystaat was verwoes, die vee was óf gedood óf weggevoer, die boer self gebreek op kommando, sy vrou verwaarloos in die kampe gedurende die oorlog. Wie het die moed gehad om weer van vooraf te begin? Nie veel was nodig om die trekklus aan te wakker nie".¹²⁾

In 'n feesuitgawe ter herdenking van die sewentigjare bestaan van Comodoro Rivadavia as dorp, verskyn daar 'n artikel waarin die skrywer ook beweer dat die uittog van hierdie mense te wyte was aan die „lang oorlog" tussen die twee Boererepublieke aan die een kant en Engeland aan die ander kant. Die verlies van hulle vryheid, so gaan die skrywer voort, van hulle land en in sommige gevalle van hulle besittings, was rede genoeg vir hulle om te besluit om hulle land te verlaat.¹³⁾

Om die verband tussen die oorlog en die Trekke te bevestig, veral die feit dat hulle getrek het omdat hulle geweier het om onder die Engelse regering te staan, sal ons eers moet bepaal wie hierdie mense was en waar hulle vandaan gekom het.

1.1. Die Trek van 1902

Die leier van die eerste Trek in 1902 was John Louis William Baumann,¹⁴⁾ afkomstig vanaf Ladybrand.¹⁵⁾ Hy was dan ook die eerste Suid-Afrikaner wat voet aan wal gesit het aan die onherbergsame kus van Patagonië.¹⁶⁾ Dit moes

-
- 12) Henning, P.H., „'n Boer in Argentinië", Nasionale Pers Bpk., 1940, Hf. I, p.1, 2.
13) Comodoro 70. La Colonia Boers en Com.Riv. Capitulo III.
14) Lückhoff, ds. A.D., a.w., Hf. I, p.3. Ook N.G.K.A. - Kaapstad, Lidmaatregister G.80,3/2.
15) N.G.K.A. - Kaapstad, Lidmaatregister Chubut 1902 - 1938 G.80,3/2.
16) Baumann, J.L.W., Brief ged. 15 November 1903 in "De Zuid-Afrikaan" verenigd met „Ons Land", 19 Januarie 1904.

voor Mei 1902 gewees het, want op die 20ste Mei 1902 het die eerste groep vanaf Buenos Aires met die Argentynse vlootskip "1° De Mayo" onder bevel van Luit. Aldoa, na Comodoro Rivadavia vertrek.¹⁷⁾ Comodoro Rivadavia was toe maar pas in Februarie 1901 as dorp aangelê.¹⁸⁾

Interessant is dit om te noem dat Comodoro Rivadavia reeds teen die end van 1902, 65 geboue gehad het en 215 inwoners.¹⁹⁾ Hierdie eerste groep het veilig op die 4de Junie 1902 by Comodoro Rivadavia voet aan wal gesit.²⁰⁾ Baumann het hom op een van die plase wat deur die regering aan hom toegeken is en wat hy Voortrekkersrus genoem het, gevestig.²¹⁾ Hy word beskrywe as 'n reus van 6 voet 6 duim, breed van skouers, 'n sterk, goeie bokser, skaapboer, ambagsman, handelaar, musikant en in staat om sewe tale te praat.²²⁾ „Voortrekkersrus“, so skryf ds. Jacobs, „was vir al die boere lank die halfweghuis waar man en muis wat van die binneland na die kus vir besigheid kom, 'n oop deur vind. Om Lewis Baumann die taal ook goed geken het, was hy die vraagbaak, die raadsman en die generale agent vir algar en, om hy by die regering gunstig aangeskrewe gestaan het, was dit deur sy optrede dat baie, wat hulle grondsake nie kon regkry nie, uiteindelik geholpe is“. ²³⁾ Onder hierdie groep was Francis Josph Behr, van Duitse afkoms en afkomstig van Bloemfontein en John Coulter, 'n Ier. Die twee

17) Chingotto Capt. M.R., a.w., p.29.

18) Menendez, dr. A.B., a.w., p.5 voetnoot 4.

19) Chingotto Capt. M.R., a.w., p.31.

20) Ibid., p.29.

21) 'n Dominé, a.w., p.276.

22) Henning, P.H., a.w., p.25.

23) 'n Dominé, a.w., p.276.

genoemde here was ook Baumann se onmiddellike bure.²⁴⁾
Volgens Menendez het Baumann, Behr en Coulter in die
kommando van Generaal de Wet geveg.²⁵⁾

Verder tref ons onder hulle aan Galvert, 'n Noord-Amerika-
ner uit Johannesburg,²⁶⁾ J. Stegman van Bloemfontein²⁷⁾,
Henry en Jimmy Cheine, twee Engelse wat vanaf Ventersdorp
gekom het,²⁸⁾ Richardi, 'n Italianer, wat Kolonel was en met
die Boere teen die Engelse geveg het.²⁹⁾ Ds. A.J. Jacobs
verhaal dat die skrywer Hilligas gesê het dat Richardi en
Generaal Botha as die twee mooiste mans in die Boereleërs
beskou is.³⁰⁾ Hy is later as administrateur onder die
Boere aangestel.³¹⁾ Hy is later weer terug na Suid-
Afrika.³²⁾ Dan moet ook nog genoem word, dr. R. Krieger,
afkomstig van Oudtshoorn:³³⁾ „Die dokter wat van Duitse
afkoms en 'n geniale ou man was, het daarop geroem dat Oom
Paul homself 'n aanstelling as kommandant in die Boereoor-
log gegee het.³⁴⁾ Gedurende die oorlog het hy by die
Rooikruis diens gedoen”.³⁵⁾

-
- 24) Baumann, J.L.W., a.w. in Brief, De Zuid-Afrikaan,
19 September 1904.
25) Menendez, dr. A.B., a.w., p.5. Sien ook Comodoro
Rivadavia 70. Die skrywer van die artikel beweer dat
Francois Josef Behr, 'n ex-offisier in die leër van
Gen. De Wet was.
26) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie F.C. "Die
Ned. Geref. Kerk en die Geref. Kerk in die Boere-
kolonie - Chubut Argentinië", ongepubliseerde werk
gedateer 1926.
27) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2 - Lidmaatregister.
28) L.P. Vorster, Brief 23 Februarie 1904 in „Ons Land”.
29) Henning, P.H., a.w., p.3.
30) 'n Dominé, a.w., p.270.
31) Ibid., p.288.
32) Henning, P.H., a.w., p.24.
33) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2.
34) 'n Dominé, a.w., p.275.
35) Henning, P.H., a.w., p.22.

Ook 'n sekere Dirks, Calie Verwey en Vogelpootjie het hulle onder die groep bevind. Henning noem ook nog 'n mnr. Palem,³⁶⁾ maar volgens die lidmaatregister van die gemeente wat in 1907 daar gestig is, het hy en sy gesin in 1904 eers vanaf Bethlehem daar aangekom.³⁷⁾ Vogelpootjie was volgens oorlewering een van die dapperste burgers in die Anglo-Boereoorlog, dog hy was 'n ongelowige.³⁸⁾

Dan tref ons ook nog 'n sekere Levingstone en sy skoonouers onder die groep aan. Levingstone kon wel Afrikaans praat, maar sy skoonouers glad nie.³⁹⁾ Verder, 'n sekere Josef Weber, 'n Duitser, Harrington Fillmore en Dolten.⁴⁰⁾

Bestaande geskrifte maak ook melding van Edzart Grimbeek wat hom onder die groep sou bevind het, maar in die lidmaatregister wat in 1907 aangelê is, het hy in sy eie handskrif die datum van sy aankoms aangegee as Januarie 1903 vanaf Beaufort-Wes.

Hierdie eerste groep het ook 'n aantal Bantoebediendes met hulle saamgeneem. Die getal 11 word genoem, maar almal van hulle het kort daarna gesterf. As ons nou hierdie groep as geheel in oënskou neem, kan ons sê dat daar 'n verband was tussen dié Trek en die ongelukkige afloop van die Anglo-Boereoorlog? Het hierdie mense getrek omdat hulle vryheid hulle ontnem was, omdat hulle nie onder die Engelse vlag wou lewe nie? Hiervoor was die groep te veel van verskillende nasionaliteite. Die meeste van die

36) Henning, P.H., a.w., p.3.

37) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2.

38) Henning, P.H., a.w., p.207.

39) Olivier Mev. Lettie, „Herinnerge aan die Boere in Argentinië, ongepubliseerd gedateer 1972.

40)

groep was ook Engelssprekend. Van 'n paar uit die groep kan dit miskien gesê word dat hulle teen Engelse oorheersing was, maar van die meerderheid? Die feite weerlê die verband. Boonop, voordat die oorlog verby was, was sommige van hulle al in Argentinië. Conradie sê in sy genoemde werk: „Louis Baumann was die eerste hier — toe die kanongebulder nog in die weerklanke weergalm het, die rook van die brandende Boer-huise nog die lug verduister het en die krygsgevangene nog met verlangde harte gesmag 't naar "huis en haard", toe was die heer Baumann al hier in Patagonië.⁴¹⁾ Dat hierdie eerste Trek wel 'n gevolg van die oorlog was in die sin dat dit 'n moegheid vir die land meegebring het en die ingebore trekgees wakker gemaak het, wil ons toegee, maar dat hulle almal getrek het omdat hulle nie onder die Engelse regering wou staan nie, kan ons nie as die volle waarheid aanvaar nie.

1.2. Die Trek van 1903

Op 3 September 1903 het 102 persone om 4.00 nm. onder leiding van die heer C.J.N. Visser Kaapstad in die Britse stoomboot, die Cornwall, verlaat.⁴²⁾ Op 23 September 1903 het hulle in Buenos Aires aangekom. Die 25ste September kon hulle eers aan land gaan. Hulle was eers onder kwarantyn aangesien daar voor hulle koms builepes in Durban uitgebreek het. Nadat hulle in die 10 dae 100 mak koeie met kalwers teen R16 (£8) gekoop het, huisraad

41) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1, Conradie, F.C., a.w., p.72, 73.

42) Vorster, ds. L.P., Reisrapport in „Ons Land“, 26 Jan. 1904. Sien ook Menendez, dr. A.B., a.w., p.6. Ook Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.4 e.a. 'n Eersteklas reiskaartjie het R40 (£20) gekos en 'n tweedeklas reiskaartjie, £12-10-0, ds. L.P. Vorster in „Ons Land“ 26 Januarie 1904.

en ander proviand, het hulle op die 5de Oktober op rege-
ringskoste met die boot, die Guardia Nacional, na Comodoro
Rivadavia vertrek. Op die 9de Oktober 1903 het hulle in
Comodoro Rivadavia aangekom, maar weens die onstuimige see
kon hulle eers die 10de Oktober aan wal gaan.⁴³⁾

Om die verband tussen die oorlog en dié Trek aan te toon,
moet ons ook weet wie hierdie mense was, waar hulle van-
daan gekom het en of daar enige ander redes was waarom
hulle Suid-Afrika vir Argentinië wou verruil?

Onder hierdie mense was daar C.P.H. Myburgh, kommandant
van die rebelle gedurende die Anglo-Boereoorlog.⁴⁴⁾

Ds. L.P. Vorster, destyds predikant van die Gereformeerde
gemeente Burgersdorp het ook met die geselskap saamgegaan.
Hy was deur 'n aantal persone afgevaardig om die land te
gaan verken.⁴⁵⁾ In 'n skrywe aan ds. A. Keizer van Noord-
Amerika, verneem ons meer i.v.m. die doel van sy besoek
aan Argentinië. Hy skryf: „Ik ging met hem om het land
te zien met het oogmerk op mogelijke verdere kolonisatie
van uit Zuid-Afrika”.⁴⁶⁾ Op die 13de September 1903 het
ds. Vorster hierdie groep wat almal lidmate van die Neder-
duitsch Gereformeerde Kerk was, in 'n gemeente georgani-
seer.⁴⁷⁾ Ons kom later breedvoeriger hierop terug.

43) Vorster, ds. L.P. in „Ons Land”, 26 Jan. 1904. Op die
skip het hulle slegs 10c per persoon en 5c per kind
per dag vir wyn betaal waarvan hulle genoeg gekry het.

44) 'n Dominé, a.w., p.271.

45) Vorster, ds. L.P., Reisrapport in „Ons Land”,
26 Januarie 1904.

46) G.K.A. - Buenos Aires, brief van ds. L.P. Vorster aan
ds. A. Keizer gedateer 17 Maart 1904.

47) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 1/1.

Die leier van hierdie Trek, die heer C.J.N. Visser, was 'n ryk boer van Barkley-Oos.⁴⁸⁾ Hy was 'n oud-student van die Normaalkollege, Kaapstad, waar hy hom as onderwyser bekwaam het.⁴⁹⁾ Hy word beskryf as eiesinnig, outokraties en van onversoenlike geaardheid, oorheersersig en invloedryk.⁵⁰⁾ Hy wou later selfs die Poort (Comodoro Rivadavia is so deur die Boere genoem) teen Puerto Visser (na hom vernoem) afspeel.⁵¹⁾ Verder is daar nie persone saam wat eintlik afsonderlike vermelding verdien nie.

Van die 40 volwassenes wat met dié Trek saam is, het 11 van Barkley-Oos af gekom, 6 van Ugie, 10 van Cederville, 6 van Lady Grey, 4 van Rhodes, 1 van „Piquetberg" en 2 van Vrededorp in die Oranje-Vrystaat, t.w. mnr. & mev. W.C. McGregor.⁵²⁾ Behalwe McGregor was hulle almal Kolonialers en dus Britse onderdane. McGregor wat as onderwyser saamgegaan het, het onmiddellik na hulle aankoms in Buenos Aires weer na Suid-Afrika teruggekeer.⁵³⁾

Visser, 'n sekere Dolten en Watson, het eers 'n verkennings-tog onderneem.⁵⁴⁾ In Buenos Aires het Visser 'n onderhoud met die President van Argentinië, Genl. Julio A. Roca, gehad en daarna die moontlikhede vir 'n wolnywerheid by Comodoro Rivadavia gaan ondersoek.⁵⁵⁾ Na sy terugkeer het hy toe as leier van genoemde Trek opgetree. Aan die

48) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, G.80,3/2.

49) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1, Conradie F.C., a.w., p.20.

50) Ibid., p.76, 20, 68.

51) Ibid., p.68.

52) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, G.80,3/2.

53) Olivier mev. Lettie, a.w., p.z.

54) Menendez, dr. A.B., a.w., p.4. N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1, Conradie F.D., a.w., p.73.

55) Comodoro Rivadavia 70. Volumen Editado por el. Diarrio „El Patagonico" 1971. „La Colonia Boers en Comodoro Rivadavia" Capitulo III.

„Voormanne" van die immigrante uit Suid-Afrika is kragtens 'n proklamasie, gedateer 28 April 1902, 141600 hektaar grond noord van Comodoro Rivadavia toegesê. Die grootste gedeelte sou egter aan die Atlantiese oseaan front.⁵⁶⁾

Aan die voornemende immigrante is egter vertel dat die regering 60 plase van 2500 hektaar elk aan hulle beskikbaar gestel het. Na die opmeting daarvan deur die ou ingenieur, Dominques, is egter bevind dat daar slegs 50 plase was.⁵⁷⁾ Dit was egter die begin van die gebied genoem „Kolonía Boera".⁵⁸⁾

Die aanbiedinge en die gerugte wat in Suid-Afrika in verband met Argentinië versprei is, was so goed dat die mense gedink het dat dit 'n soort paradys was.⁵⁹⁾ Ja, daar is vertel van 'n „wonderlike land waar grote plase verkoop word vir 'n appel en 'n ei, waar die skape elke jaar twee en drievoudig vermenigvuldig en waar daar geen sprinkane of siekte onder beeste en perde is. Hulle het dan ook somaar besluit om daarheen te gaan die plase wat verkry is was toe die groot lokaas en in grote mate die aanleiding vir die trekke".⁶⁰⁾ Henning het ook die verband tussen die Trek en die aanbod van grond deur die Argentynse owerheid raakgesien en daarom skryf hy: „nie veel was nodig om die trekklus aan te wakker nie die versoek om te trek,

56) Menendez, dr. A.B., a.w., p.4, voetnoot 5.

57) Henning, P.H., a.w., p.4. Sien verder afskrif van dokument wat in die verband aan hulle oorhandig is (Bylaag 1).

58) Menendez, dr. A.B., a.w., p.4.

59) G.K.A. - Buenos Aires, artikel deur 'n Besoekende predikant uit Suid-Afrika.

60) „De Volkstem", 6 Augustus 1912, Boshoff Dirk, „Die Boer in Argentinië".

want daar was genoeg grond vir hulle beskikbaar het nie op dowe ore geval nie".⁶¹⁾ En daar die meeste van die mense arm was⁶²⁾ en hulle nou die vooruitsig gehad het om ook die eienaar van 'n plaas te word, was veel aanmoediging om te trek nie nodig nie.⁶³⁾ Van die arm mense is dan ook op koste van C.J.N. Visser en sy broer Piet Visser na Argentinië. Die voorwaarde was dan dat hulle vir genoemde persone moes werk om op die manier hulle passaat terug te betaal.⁶⁴⁾

C.J.N. Visser het egter moeite gedoen om toeseëgging vir meer grond te verkry. Hy was van oordeel dat die 60 plase spoedig te klein sou wees en hy het by die regering op toevoeging van meer grond aangedring. 'n Jaar daarna is 400 plase tot die kolonie toegevoeg.⁶⁵⁾ Om presies te wees, in September 1905, is 'n verdere 911800 hektaar by die kolonie gevoeg. Van toe af het die kolonie nie meer bekend gestaan as die Kolonia Boera nie, maar as die Kolonia Escalante. Dit was 'n vernoeming na die destydse Minister van Landbou, mnr. Escalante.⁶⁶⁾ Ons wil net aanstip dat die rede waarom hierdie mense juis na Argentinië uitgewyk het, was omdat daar gedurende die Anglo-Boereoorlog noue kontak tussen Argentinië en Suid-Afrika op handelsgebied was. Argentinië het in die tyd 'n goeie uitvoermark in Suid-Afrika gevind vir perde en muile.⁶⁷⁾

61) Henning, P.H., a.w., p.2.

62) Die Kerkbode, 4 Julie 1907. Ook "Ons Land", 26 Jan. 1904, artikel van die Redakteur. Sien ook 'n Dominé, a.w., p.278.

63) 'n Dominé, a.w., p.227.

64) Ibid., p.271.

65) Ibid., p.271.

66) Menendez, dr. A.B., a.w., p.4.

67) Menendez, dr. A.B., a.w., p.5.

Generaal Julio A. Roca, wat ook in die jare (1898 - 1904) President van Argentinië was, het op advies van sy Minister van Landbou, dr. Wenceslao Escalante, allec in sy vermoë gedoen om die traesame kolonisasie van Patagonië te bevorder.⁶⁸⁾ In die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog het hy moontlikhede en 'n geleentheid gesien om sy planne te realiseer.⁶⁹⁾

Twee amptenare van die Minister van Landbou van Argentinië wat in Kaapstad op 'n handelsending was⁷⁰⁾, t.w. mnre. Biedma en Green, het kontak gemaak met 'n paar families wat van voorneme en gewillig was om die land te verlaat. Hierdie amptenare het aan hulle die moontlikheid van die verkryging van grond in Patagonië gesuggereer. Die gevolg was dat L. Baumann, F. Behr en John Coulter besluit het om na Argentinië te emigreer. Hulle het die saak in plaaslike koerante van Bloemfontein, Burgersdorp en Philipstown bekend gemaak en persoonlike uitnodigings gerig aan mense wat wou saamtrek.⁷¹⁾

1.2.1. Die Boere mislei

By hul aankoms in Comodoro Rivadavia het baie van die Trekkers met 'n skok ontdek dat die werklikheid heeltemal anders was as wat aan hulle voorgehou is. In „Ons Land" van 23 Januarie 1904, het daar die volgende ongunstige brief oor toestande aldaar verskyn:

"De windt waait dag en nacht. Ik kom in Januarie terug na Zuid-Afrika Vele van onze mensen gaan weer terug naar Afrika. Hier zie ik geen kans om te boeren of te wonen in de zand en brakgrond Ik zal geen

68) Menendez, dr. A.B., a.w., p.5. Sien ook Chingotto Capt. Mario Raul, art. in Paratus, Nov. 1971, p.28.

69) Menendez, dr. A.B., a.w., p.5.

70) Chingotto, Capt. Mario Raul, a.w., p.28.

71) Menendez, dr. A.B., a.w., p.5. Sien ook Comodoro Rivadavia 70.

mensch aanraden om hierheen te komen Welke vooruitgang J. Visser hier ziet, weet ik niet".⁷²⁾

Dit blyk duidelik dat baie van die mense mislei is en dat hulle eintlik na Argentinië gelok is. Dit was nie alleen Conradie⁷³⁾ wat die mening toegedaan was nie, maar ook „Die Kerkbode" het sy stem na die ongunstige berigte laat hoor: „Die onze eenvoudige boeren derwaarts lokt, zal't te vergelden hebben".⁷⁴⁾

In 'n artikel in „Ons Land" van 26 Januarie 1904, waarsku die redakteur voornemende Trekkers om nie te trek nie. Hy verwys na die brief van Van Zyl in die uitgawe van 23 Januarie 1904 en dan gaan hy voort: „De heer Van Zyl sal gelukkig nog in staat wees om vir sy terugreis te betaal, maar hoe met de arme Trekkers die dit niet kunnen doen?"⁷⁵⁾ Inderdaad, die rykes het teruggekeer. Ds. A.J. Jacobs skryf pas na sy aankoms in Augustus 1906 in Buenos Aires:

"Reeds die eerste dag het ek 'n aantal van my landgenote ontmoet. Dit was 'n klompie wat al die land gesien het en ontevrede weer terug na die ou vaderland keer Die ontevredenheid was nie onbemiddelde mense nie, maar dit lyk

72) „Ons Land", 23 Jan. 1904, Die Brief van 'n sekere mnr. Van Zyl was gedateer November 1903.

73) Conradie, F.C., a.w., p.34.

74) Die Kerkbode, 19 Julie 1906.

75) „Ons Land", 26 Januarie 1904.

of dit hulle nie geval het in Patagonië nie".⁷⁶⁾ Conradie wat in 1908 na Argentinië is, skryf later oor die misleiding van die mense:

"Mnr. Visser het egter die "Trek" georganiseer. Hy het die finansiële voordele (vir homself) daarin onmiddellik gesien. Hy het by een of ander geleentheid natuurlik onderhandelings gehad met die Staatsregering en as 'n "Quid pro quo" vir die ontleding van Suid-Afrika van 'n gedeelte van sy bevolking hierheen, het hy - Visser - later vier plase as eiendom en vier plase in huur - ag tesame - gekry van die regering. Hy het die 8 plase vandag nog in Salamanca".⁷⁷⁾

Die plaas 'Voorspoed', waarop mnr. Visser gewoon het, is beskryf as een van die mooiste en bestes in die streek:

"Die woonhuis is, om 'n gesegde van die Argentyners te gebruik, "meer werd as die plaas", dit wil sê, die mooiste in Patagonië"⁷⁸⁾

"Dis gevolglik binne die suiwer waarheid om te sê", so gaan Conradie voort, "dat die verhuising van ongeveer 456 Afrikaners naar Argentinië die werk was van C.J.N. Visser

76) 'n Dominé, a.w., p.66. "Ons Land", brief ds. L.P. Vorster, 16 Februarie 1904. Bogenoemde persone het ook verder aangevoer dat die Argentynse regering verkeerd geoordeel het deur die Boere uit te nooi om 'n streek so ver in die suide te bewoon. Hoe het dit dan gebeur dat die koue suide aan die Boere toegeken is? Ds. L.P. Vorster het gesê: "De heer Baumann zeide aan mij dat die gronden voor Boeren kolonisatie werden uitgehouden op uitdrukkelijke verzoek van hem en den heer Coulter die de eerste boeren woren, die daar aankwamen. Zij wisten wel dat er betere gronden verder het binneland in te krijgen waren. Doch daar de gronden van Colonia Escalante naar hun beschouwing, goed genoeg waren, en zij er tegen op zagen met hun families het binneland in te gaan, verkizen zij liever daar te blijven".

77) Conradie, F.C., a.w., p.73.

78) 'n Dominé, a.w., p.278.

van 'Voorspoed', Chubut en vandag woonagtig in die nabyheid van Kaapstad, Suid-Afrika, terwyl die oorgrote meerderheid van sy hierheen-gelokte landsgenote die ontberings, rondswerwinge en al die ander „voorregte" moet deurmaak! In alle billikheid kan nou gesê word dat mnr. C.J.N. Visser die „Voorman" en „aanvoerder" was van die Trek hierheen en hy dus, as man, as Voorman, moreel verplig was om die belange van die immigrante sy belange te maak. Dat hy wel deeglik „belang" had in hulle is hier alom bekend — maar vir eie voordeel, want dit is altyd hier in omloop dat daar nogal wat Afrikaners was, die met hom hierheen gekom het om plase te okkupeer op die 50-50-basis — dis egter en passant".⁷⁹⁾

Wat is die 50-50-basis waarvan hier gepraat word? Ons moet onthou dat werksvolk soos wat ons Boere dit in Suid-Afrika geken het, in Argentinië nie bestaan het nie. Wanneer dit nou gebeur dat 'n ryk boer geen veewagters kon kry nie, dan het hy self 'n paar duisend opgepas en die ander gee hy in klompe van tweeduisend uit onder arm mense wat dan met die vee op trek gaan of op fiskale grond gaan staan. Die voorwaardes het verskil van persoon tot persoon, maar oor die algemeen het die arm man die vee om die helfte van die aandeel en van die wol opgepas. So 'n persoon het ook gratis sy slaggoed gekry, maar die velle moes hy afgee.⁸⁰⁾

Mnr. Visser het nie minder as vyf maal die Atlantiese Oseaan gekruis nie:

„Nie tevrede met die moontlikhede, finansieel beskoud, word die tweede Immigrasie-reis aanvaar en in 1905 is hy terug

79) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie F.C., a.w., p.74.

80) 'n Dominé, a.w., p.279, 280.

na Suid-Afrika om meer Afrikaners hierheen te lok. So het die bekende Visser/Venter-Trek bestaande uit 320 persone, klein en groot, in Argentinië aangekom.⁸¹⁾ Dink u dat hy so 'n groot patriot was en alles met grote finansiële verlies vir homself gedoen het?," word deur Conradie gevra.⁸²⁾

En nou is dit ook opmerklik dat, nadat die Boere hulle in Argentinië gevestig het, Visser hom dikwels uit die openbare lewe as leier van die Boere teruggetrek het.⁸³⁾ Ds. A.G. Sonneveldt het ook later opgemerk:

"dat de leiders, met uitzondering van den heer M.M. Venter, meer eigen voordeel zochten dan het algemeen belang. En daar de heer Venter reeds spoedig overleed, bleef de kolonie feitelijk zonder leiders die de belangen der Boeren zouden kunnen behartigen".⁸⁴⁾

Daar was vooruitgang, maar groter was ook die agteruitgang: "als de Heer niet uitkomst geeft, verzinken vele goede Afrikaanders in armoede en ellende".⁸⁵⁾ Dit was die waarneming van ds. A.J. Jacobs. Die toestand "van armoede en ellende" wat die Boere daar moes beleef, laat die heer Conradie vra: "Waarom laat die God van Hemel en Aarde toe dat genoegsaam geld aan een mens word besorg wanneer die rykdom gebruik word vir eksploitasie en ondergang van die medemens — waarom?"⁸⁶⁾

81) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.C., a.w., p.73, 34.

82) Ibid., p.74.

83) Ibid., p.27.

84) G.K.A. - Buenos Aires.

85) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910, artikel ds. A.J. Jacobs.

86) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.C., a.w., p.36.

Dat die afloop van die Anglo-Boereoorlog deure oopgemaak het, is so, maar dat daar ook ander faktore was, kan nie ontken word nie. Eie belang en finansiële voordele o.a. vir die heer C.J.N. Visser het ook daartoe gelei dat talle Afrikaners hulle later in Argentinië bevind het.

1.3. Die Trek van 1905

In 1905 het die grootste en georganiseerdste Trek onder leiding van die here C.J.N. Visser en M.M. Venter plaasgevind.⁸⁷⁾ Op 21 Oktober 1905, laat die middag, het hierdie 320 persone die Kaapstadse hawe in die Brits gehuurde skip, die Highland Fling, verlaat.⁸⁸⁾ Die Highland Fling was gehuur vir R3600 (£1800). Die skip was gebruik om perde en muile vanaf Buenos Aires na Kaapstad te vervoer en het meer na 'n stal as na 'n passasiersboot gelyk.⁸⁹⁾ Die onaangename reuk wat die passasiers moes verduur was byna onuithoubaar.⁹⁰⁾ Die reis was 'n veel besproke onderwerp vir jare daarna, want die ontberings was groot.⁹¹⁾ Na die aankoms in Chubut, Patagonië, het vyf persone aan die gevolge van die reis beswyk: twee Van Vuurens, 'n sekere Venter, 'n sekere Kruger en 'n sekere mev. Swanepoel.⁹²⁾

Ons het reeds gewys op die rol wat C.J.N. Visser gespeel het en op die motiewe wat die dryfkrag agter sy optrede was.

87) Menendez, dr. A.B., a.w., p.5. Henning, P.H., a.w., p.6. 'n Dominé, a.w., p.271.

88) Henning, P.H., a.w., p.11.

89) Ibid., p.10. Menendez, a.w., p.5.

90) Henning, P.H., a.w., p.10.

91) 'n Dominé, a.w., p.271.

92) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.4.

1.3.1. M.M. Venter een van die Leiers

As ons op die ander leier let, t.w. M.M. Venter, dan doen ons ook verrassende ontdekkings. By sy vertrek na Argentinië, was hy L.V. vir Colesberg.⁹³⁾ By sy vertrek het hy gesê dat hy slegs vir twee jaar na Argentinië gaan, dat hy die land eers goed wil beproef voordat hy finaal sou besluit om hom daar te vestig.⁹⁴⁾ Van hom is gesê: „die heer Venter was van 'n ondernemende, rusteloze aard en daarby vriendelik en hulpvaardig. Als winkelier wist hij zich te Philipstown een goed bestaan te verwerwen, doch zijn energie leide hem ertoe zich met publieke en vooral Bondsaken te bemoeien”.⁹⁵⁾ Hy het hom bereid verklaar om die heer Godfrey Sichel te opponeer.⁹⁶⁾ Die uitslag was dat Venter met ongeveer 30 stemme gewen het. Hy het lid vir Albert gebly tot en met sy vertrek na Colesberg in 1888 waar hy verkies is as lid van die parlement in die plek van D. Scholtz. Venter het nou vir 'n tydjie op die plaas Klipplaatsfontein in die distrik Colesberg geboer, maar het later 'n handelsaak te Philipstown geopen. Dit was in dié tyd dat hy met Rhodes in aanraking gekom het. 'n Persoonlike en politieke vriendskap het tussen hulle ontstaan, so seer so, dat Venter wanneer hy in Kaapstad was vir die parlamentsitting, meer in Groote Schuur tuis was as in sy eie losieshuis. In 1894 vergesel hy die heer C.J. Rhodes op een van sy reise

93) „Ons Land”, artikel L.J. Coetsee, 23 Mei 1907.
M.M. Venter - Zijn Loopbaan.

94) „Ons Land”, artikel 14 Mei 1907.

95) Ibid.

96) Die hiervolgende besonderhede is vrylik oorgeneem uit 'n artikel in: „Ons Land”. Artikel by die berig van die heengaan van M.M. Venter in Buenos Aires, 14 Mei 1907. „Ons Land”, 23 Mei 1907, artikel M.M. Venter - Zijn Loopbaan.

na Rhodesië. Na sy terugkeer het hy 'n reeks lesings gehou waarin hy die Afrikaanse boere ten sterkste aangeraai het om na dié land te verhuis. Hoewel hy niemand oorreed kon kry nie, slaag hy tog daarin dat afgevaardigdes gestuur word om die land te gaan besigtig.

Met die Jameson-inval het hy nie gesimpatiseer nie, maar was verontwaardig daaroor, al was hy erg gekant teen die regering van Paul Kruger, veral oor die drifkwessie. Tydens die sitting van die imperiale-toemaak-kommissie het hy hom in London bevind en lê hy getuienis voor die kommissie af en wel in belang van die „Gecharterde" maatskappy. Dit was die grootste fout wat Venter ooit in sy lewe begaan het. Dit het hom in 1898 sy setel gekos. Hy het later ook bitter spyt daaroor gehad. Gedurende die oorlog 1899 - 1902, was hy baie hulpvaardig teenoor hulle wat deur die krygswet in die moeilikheid gekom het en betoon ook veel hulp aan verwaarloosde stamgenote. Deur sy besliste optrede het hy hom die onguns van die kommandant op die hals gehaal, maar dit het hom nie verhinder om te doen wat hy hom voorgeneem het nie. Hy word uiteindelik as 'n ongewenste uit Philipstown gedeporteer. Hy was verder vir 'n tyd lank in die "cage" te De Aar opgesluit en het later te Kimberley tereggestaan voor regters Solomon Lange en Jones weens hoogverraad. Hy is op bekwame wyse verdedig deur advokaat Burton en na 'n lang verhoor vrygespreek.

Intussen het hy hom genoegsaam by sy vorige ondersteuners en Bondsmanne van Philipstown en Colesberg gerehabiliteer om in 1903 weer as Bondskandidaat benoem te word en behaal hy en De Waal 'n skitterende oorwinning.

In die parlement het hy nie veel van hom laat hoor nie, maar as hy gespreek het, was dit net soos 'n kort swaar donderweer. Venter het egter altyd 'n bitter gevoel oor die smaad en vernedering, wat die Hollandse Afrikaners gedurende die oorlog aangedoen is, in hom rond gedra. Daarom kon hy dit nie meer hier uithou nie en hy vertrek na Argentinië, nieteenstaande al die waarskuwings van sy beste vriende. Rhodes het hom mislei, deur sy innemende maniere. Hy het baie verwagtings van Rhodes gekoester soos sovele ander Afrikaners, maar is soos hulle ook bedrieg.⁹⁷⁾

Alhoewel hy nie maklik met 'n saak saam gegaan het en byna nooit ja kon sê nie, was M.M. Venter nogtans deur almal hoog geag.⁹⁸⁾ En so skryf ds. Jacobs verder: „Daar hierdie aanvoerder onder die Trekkers 'n gesiene man was, het hy dadelik veel aansoeke gekry van mense wat wou meegaan”.⁹⁹⁾

In Colonia Escalante het hy die plaas Sleutelspoort vir R800 (£400) van Richardi gekoop, die kolonel wat saam met die afdeling Italianers aan die Boerekant in die oorlog van 1899 - 1902 geveg het.¹⁰⁰⁾ M.M. Venter was die ander man wat aan die hoof van die derde trek gestaan het. Ons sien dat die posisie wat hy beklee het baie bygedra het dat mense besluit het om saam te gaan. Dit sou veral die geval wees onder die Gereformeerdes uit die dele Colesberg en Philipstown, daar hy lidmaat van die Gereformeerde Kerk in Philipstown was.¹⁰¹⁾

97) „Ons Land”, artikel by die berig van sy heengaan in Buenos Aires, 14 Mei 1907. „Ons Land”, 23 Mei 1907, artikel M.M. Venter - Zijn Loopbaan.

98) 'n Dominé, a.w., p.277.

99) Ibid., p.271.

100) Henning, P.H.; a.w., p.24.

101) G.K.A. - Buenos Aires, Lidmaatregister.

Ongelukkig is hierdie leiersfiguur reeds in 1906 in Buenos Aires oorlede.¹⁰²⁾ Wat daar ook al gesê mag word oor sy rehabilitering, bly die vraag by 'n mens vassteek: was sy verhuising na Argentinië werklik net omdat hy dit nie meer langer hier kon uithou omdat die Hollandsprekende Afrikaners gedurende die oorlog soveel smaad en vernedering moes deurmaak? Het die verhuising na Argentinië nie vir hom gedeeltelik 'n moontlikheid gebied om van sy verlede af weg te kom nie?

1.3.2. Ds. L.P. Vorster se aandeel

'n Verdere oorsaak wat bygedra het dat vele met die trek van 1905 saamgegaan het, was die gunstige verslag wat deur ds. L.P. Vorster uitgebring is nadat hy die Trek in 1903 meegemaak het.¹⁰³⁾ Ds. Vorster was deur 'n groep mense afgevaardig wat belang gestel het om Suid-Afrika te verlaat om eers die land goed te gaan verken.¹⁰⁴⁾ Hy het, soos hy aan ds. A. Keizer in Noord-Amerika geskryf het, gegaan „om het land te sien met het oogmerk op mogelijke verdere kolonisasie vanuit Zuid-Afrika”.¹⁰⁵⁾ Op 9 Oktober 1903 het hy saam met die trek van C.J.N. Visser in Comodoro Rivadavia aangekom. Op 12 Oktober 1903 het hy en 'n sekere Van Zyl Comodoro Rivadavia te perd na Voortrekkersrust, die plaas van L. Baumann, verlaat.¹⁰⁶⁾ Vandaar is hy alleen te perd in 'n noordwestelike rigting om die land te verken.¹⁰⁷⁾ Weer in Buenos Aires aangekom, het hy vir die Boere in „Colonia Boera” geskryf om 'n kommissie te stuur om die westelike streek nader te ondersoek. Hy het van die

102) G.K.A. - Buenos Aires.

103) Henning, P.H., a.w., p.4. Sien ook „Ons Land”, 6 Februarie 1904.

104) „Ons Land”, 26 Januarie 1904.

105) G.K.A. - Buenos Aires, Oorspronklike brief is ook in my besit.

106) „Ons Land”, 16 Februarie 1904.

107) „n Dominé, a.w., p.123, 197, 229.

Minister van Kolonies toesegging van die gronde aldaar verkry. Ook van die regering van Mendoza is grond vir Boerekolonisasie gekry. Die voorwaardes was baie aanloklik. Elke boer sou 2500 hektaar grond kry waarvan 500 hektaar gratis sal wees. Hy moes dan 'n huis daarop bou en 200 bome aanplant. Vir die res moes hy 1 peso, dit is 20c (1⁸⁷^d) per hektaar betaal. In totaal sou dit 'n persoon ongeveer R480 (£240) kos, wat dan oor 'n termyn van 5 jaar teen 6% rente afbetaal kon word.¹⁰⁸⁾

Terug in Suid-Afrika kon hy verslag doen:

„van 'n ryk land ten weste van Comodoro Rivadavia. Hy het ons voorgeskilder 'n land met waterstrome, pragtige houtbosse, skoon en aantreklik. By Nieuukien, so het hy vertel, groei die appels wild. Sterk het hy ons aangeraai om te trek, maar tog nie om te gaan woon in die nabyheid van Comodoro Rivadavia nie".¹⁰⁹⁾ Ds. Vorster het die Burgersdorpers betower en baie was dadelik gereed om aan die lokstem gehoor te gee en na die mooi land te trek. Hierdie mooi land is egter nooit deur die Boere bereik nie. Een van die redes was die vervoer na die binneland. Daar was geen pad of spoorverbindings vanaf Comodoro Rivadavia na die binneland nie.¹¹⁰⁾ „Daar aangekom", so skryf Henning: „bly ons toe in 'n vir ons amper woestynagtige land".¹¹¹⁾

Dat ds. Vorster 'n reuse aandeel gehad het om die mense finaal te laat besluit om te trek, kan nie ontken word nie. In sy reisberigte ontken hy ten sterkste berigte dat hy aan 'n koerantverslaggewer sou gesê het, dat hy ons mense sou afgeraai het om na Argentinië te trek.¹¹²⁾ In

108) „Ons Land", 3 Maart 1904.

109) Henning, P.H., a.w., p.3.

110) Ibid., p.4.

111) Ibid., p.5.

112) „Ons Land", 26 Januarie 1904.

'n latere artikel maak hy melding van die ongunstige berigte oor Argentinië deur verskillende persone. Hy weerlê die negatiewe brief van Van Zyl¹¹³⁾ as oordrewe. Hy gee 'n objektiewe beeld van die land en omstandighede maar tog so dat dit hom, vir wie die trekklus gepak het, slegs sou stimuleer.¹¹⁴⁾ Wel het hy gesê, dat hy iemand sal afraai om te trek as hy nie ten minste R1000 (£500) in kontant het nie.¹¹⁵⁾

Argentinië is 'n baie ryk land, daar is nog veel onbewoonde grond, maar daar moet baie sake in aanmerking geneem word voor iemand besluit om daarheen te trek.¹¹⁶⁾ Tog het dit die inisiatief en die trekklus by die mense nie gedemp nie en op 12 Oktober 1905 het ongeveer 'n honderdtal mense vanaf Burgersdorp na Kaapstad vertrek om vandaar na Argentinië te gaan.¹¹⁷⁾

Ook moet ons dit hier bysny dat daar onder hierdie mense ook persone was wat hier in Suid-Afrika nog nooit 'n duim grond besit het nie.¹¹⁸⁾ En wat was aanlokliker as die aanbod van byna gratis grond? Die moontlikheid om 'n eie plaas te bekom, het lokkend voor hulle gelê en was die dryfveer agter baie om na Argentinië te gaan.¹¹⁹⁾

1.3.3. Verbitterd

Dat hier onder die 320 mense ook persone was wat die versmading en veragting deur die Engelse gedurende die Anglo-Boereoorlog nie kon vergeet en wat maar net nie

113) Sien voetnoot 73.

114) "Ons Land", 6 Februarie 1904.

115) Ibid., 3 Maart 1904.

116) Ibid., 26 Januarie 1904.

117) Henning, P.H., a.w., p.6.

118) Ibid., p.4. Ook 'n Dominé, a.w., p.277.

119) "De Volkstem", 6 Augustus 1912, p.10. "Die Boer in Argentinië" deur Dirk Boshoff.

verder onder die Britse bewind wou staan nie, kan nie ontken word nie. Terwyl hulle in Kaapstad gewag het om aan boord te gaan, het advokaat Burton hulle besoek en gepoog om hulle hier te laat bly. Verbittering en ontevredenheid spreek egter duidelik uit die woorde tydens hierdie ontmoeting:

„In Argentinië", het hy gesê, „is geen beskerming soos hier nie" Maar hier moes die advokaat stilbly, want die tonge het losgeraak en hy moes die mense kans gee om hulle gevoelens te lug. „Ek was in die tronk gewees op 'n valse verklaring van 'n meid, en ek moes 'n boete van vyfhonderd pond betaal. En dan praat jy nog van beskerming. En wat van ons vroue en kinders wat in die kampe dood is?"¹²⁰⁾

1.3.4. Van waar het hulle gekom?

Baie interessant is dit om te kyk van watter dele hierdie mense afkomstig was. Die dorpe waarvandaar hulle gekom het was o.a.: Burgersdorp, Bethulie, Barkley-Oos, Bloemfontein, Dordrecht, Edinburgh, Fauresmith, Maclear, Middelburg (K.P.), Philippolis, Philipstown, Potchefstroom, Port Elizabeth, Rhodes, Uitenhage, Venterstad en Winburg.¹²¹⁾ Opmerklik is dat die meerderheid uit die Kaapkolonie afkomstig was en dan uit die streke waar die Kaapse rebelle tydens die oorlog redelik bedrywig was. Dit was dus mense wat Britse burgers was en nie nou eers onder die Britse juk verkneg geraak het nie.

1.3.5. Ook Engelse-Afrikaners

Interessant is dat wanneer die Trek van die heer Piet Visser in Augustus 1906 in Buenos Aires aanland, hulle hulle name as Engelse onderdane by die Britse Konsul gaan laat registreer het. So skryf ds. Jacobs

120) Henning, P.H., a.w., p.9.

121) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2. Lidmaatregister Gemeente Chubut.

vanuit Buenos Aires:

"..... Ons was almal onderdane van Koning Eduard maar die feit moes by die Konsulaat-Generaal aangeteken wees, anders kan ons, wanneer dit nodig is, nie aanspraak maak op die beskerming en respek wat ons as Engelse onderdane toekom nie",¹²²⁾ Uit hierdie mededeling en handelswyse spreek daar egter nie vyandigheid nie, maar eerder 'n stille en dankbare aanvaarding van die feit dat hulle Britse burgers is. Ons moet dit egter noem dat daar onder hierdie groep ook 'n aantal „Engelssprekende Afrikaners" was.¹²³⁾ Dan was dit ook 'n erkende feit dat daar sommige van die Boere-families was wat verkies het om Engels te praat i.p.v. Afrikaans.¹²⁴⁾ So vermeld ds. Jacobs ook in die jaar-verslag van sy werksaamhede wat eindig in 1909, dat in die twee skole wat in die kolonie is, daar alleen Spaans en Engels geleer word,

„dat is, in de eene wordt alleen Engelsch en in de andere alleen Spaansch onderwezen. De ouders zeggen: „Engelsch is die wêreldtaal een mensch kom altyd deur die wêreld met Engelsch". Dit verwondert me zulks te hooren want in 1903 schreef iemand in een courant in Zuid-Afrika: „De boeren gaan naar Argentinië omdat ze bevreesd zijn hun taal en nasionaliteit te zullen moeten prijs geven". Ik breng nog altyd het mijne in tegen zulk een verkeerde denkbeeld".¹²⁵⁾ Ds. Jacobs het hulle ook daarop gewys dat Engels glad nie in Argentinië gepraat word nie en dus nie vir hulle in hulle omstandighede iets beteken nie.

122) 'n Dominé, a.w., p.84.

123) Die Kerkbode, 27 September 1906, p.469.

124) Olivier, mev. Lettie, a.w., p.2.

125) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910, p.200.

Hierdie handeslwyse kan 'n mens moeilik verwerk in die lig van wat gesê is waarom hulle Suid-Afrika verlaat het. Mense wat oënskynlik gevlug het omdat hulle bang was dat hulle hulle taal sal moet prysgee, is nou besig om die opgroeiende jeug in die skole net Engels te leer, terwyl die moedertaal glad nie in berekening gebring word nie.

Ons wil beweer dat die argument dat die mense na Argentinië verhuis het om onder Engelse oorheersing uit te kom en omdat hulle bang was dat hulle hulle taal sal moet prysgee, nie op almal toegepas kan word nie.

Ons sluit af met 'n aanhaling van Conradie wat self in 1908 na Argentinië verhuis het:

„Dit word skynbaar aangeneem dat die „trek" van die Afrikaners naar Argentinië sy oorsaak gevind het in die tweede Vryheidsoorlog en die ontevredenheid om onder die Engelse Vlag te buie. Grotendeels is dit waar, maar daar is ander bykomende redes — deure wat oopgemaak was — wat die daadsaak in die lewe gebring het. Die politiek was miskien die dryfkrag, die Ruinasie van baie Afrikaners, ekonomies, was oorsprong van 'n begeerte en hoop op verbetering, en dan die onuitroeibare trekgees van die Boer was wakker geskud! Egter vind ons onder die landsverhuisers hier vandag egter jingos — die niks kwaads van die Engelsman wil hoor of weet nie. Ons vind mense die hierheen gekom het met duisende van ponde sterling! Ons vind hier selfs die klas wat sê: „Een vlag is vir my net so goed as die ander".¹²⁶⁾

1.3.6. Ook Kerklike beweegredes?

Samevattend wil ons sê dat geen Kerklike beweeg-

126) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.C., a.w., p.72.

redes as oorsaak vir die Trekke aangevoer kon word nie. Inteendeel, dit blyk dat heelparty van die mense redelik onverskillig teenoor die Kerk gestaan het. In 1928 skryf ds. T. Hamersma van Colesberg aan ds. A.C. Sonneveldt: „Tussen ons gezegd, waren de meeste vrienden die van Philipstown uit my gemeente naar Argentinië getrokken zijn niet by uitstek Kerkmensen. 'n Enkele wel, maar de meesten niet en daar kan u niet 'n sterke gemeente uit opbouwen ... Ik het gemeend u dit te moeten zeggen, opdat u niet 'n verkeerde indruk krijgt van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika en ook niet van de gemeente van Philipstown ... Ik spreek ook alleen van de vrienden die van Philipstown gekomen zijn.”¹²⁷⁾

Verder wil ons ook vermeld dat J.L.W. Baumann, die leier van die eerste Trek in 1902, geen belydende lidmaat van 'n Kerk was nie. In 1907, hy was toe reeds 36 jaar oud, het hy eers belydenis van geloof by ds. A.J. Jacobs in Argentinië afgelê.¹²⁸⁾ Dat kerklike aangeleenthede nou nie eintlik vir sommiges die eersteplek op die agenda inneem het nie, blyk uit die feit dat die kerkraad van die „gemeente Chubut” wat op 13 September 1903 op die stoomboot Cornwall gestig is, sedert die stigting tot en met die koms van ds. A.J. Jacobs in Januarie 1907, nie een keer vergader het nie.¹²⁹⁾ Ook slegs enkeles het hulle attestate of bewyse van lidmaatskap saamgeneem.¹³⁰⁾ Dit kan nie anders as onverskillig teenoor kerksake geïnter-

127) G.K.A. - Buenos Aires.

128) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2. Lidmaatregister.

129) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

130) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule
13 September 1903.

preteer word nie. Ds. Jacobs kla later oor die „schromelijke onverschilligheid" wat deur die mense aan die dag gelê word m.b.t. die verkryging van doopseels en attestate uit die gemeentes in Suid-Afrika. As daar „aanneming" moet plaasvind „weet men niet wie men voor zich heeft".¹³¹⁾

Verder dien genoem te word dat die Trekkers bestaan het uit lidmate van die drie Afrikaanse Kerke. Die grootste meerderheid was van die Nederduitsch Gereformeerde en Gereformeerde Kerk. Van die Hervormde Kerk kon slegs 2 huisgesinne opgespoor word t.w. dié van Antonie Francois Kock en Francois Conradie.¹³²⁾ Was dit dat lidmate van n bepaalde kerk ontevrede was met toestande in hulle kerk, dan was dit tog nie die geval met die ander nie. Maar van ontevredenheid met toestande in die genoemde kerke, kan niks gevind word nie. Intendeel, nadat hulle in Argentinië gevestig was, het die N.G. lidmate na die N.G. Kerk in die Kaapkolonie geskryf vir geestelike bearbeiding deur die N.G. Kerk en die Gereformeerdes vir geestelike bearbeiding deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.¹³³⁾

1.3.6.1. Die heer Tjaart van der Walt

Ons wil egter die geval noem van die heer Tjaart van der Walt, afkomstig van Johannesburg in 1906.¹³⁴⁾ Tjaart van der Walt was van geboorte lidmaat van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en het belydenis van die geloof afgelê in die Gereformeerde Kerk

131) Die Kerkbode, 5 Mei 1910, Brief van ds. Jacobs aan ds. D. Marchand.

132) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, 3/2.

133) Die Kerkbode, 1 Februarie 1906, p.61.

134) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2.

Ladybrand.¹³⁵⁾ In 'n openlike verklaring en belydenis van hom te Comodoro Rivadavia, 10 April 1925, maak hy melding van sy innerlike stryd oor die sing van die Gesange al dan nie in die erediens. Hy het begin insien, so skryf hy, dat sy dierbare Kerk op die punt verkeerd is en so het hy vir 33 jaar met die kweiling wat kom en gaan, gestry. Maar dan kom hy tot 'n beslissing in 1900 tydens 'n erediens gehou deur ds. Bekker van Bethulie in die laer op Stormberg. Hy besluit om lidmaat van die N.G. Kerk te word en die stryd van jare, so skryf hy, „is gewonne en ek het rus in my gewete en kan nou met vrymoedigheid sing: „Door Jesus Christus bloed word mijn gemoed gereinigd van de zonde".¹³⁶⁾ Maar hiermee was die stryd vir hom nie verby nie. „Wat sal jou broeders en vriende van jou sê, en te meer jou enigste broer (ds. Van der Walt van Middelburg), jou vrou is baie lief vir en vas aan haar Kerk, jy sal tweedrag en verdriet in jou huis bring". So het hy met homself gepraat. „Hoe sal ek my lieue eggenote van haar Kerk waaraan sy vas en lief voor is, af kry?"¹³⁷⁾ Met die strydvrage in sy hart, het hy as krygsgevangene van Ceylon af terug gekeer. Maar tot 'n openlike breuk met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kon hy nie kom nie. „Wat sal 'jou broers en vriende van jou sê, en te meer jou enigste broer" (ds. Van der Walt van Middelburg). Die vrage het hom skynbaar teruggehou, maar aan die ander kant was hy oortuig dat die Gereformeerde Kerk dwaal t.o.v. die sing van Gesange en dat hy voor God geroepe is om die Kerk te verlaat. Toe kom die Trekke na Argentinië en hierin het hy moontlik 'n oplos-

135) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2.

136) G.K.A. - Buenos Aires, Openlike Verklaring deur Tj. van der Walt, 10 April 1925.

137) Ibid.

sing vir sy stryd gesien. In Argentinië aangekom, het hy as lidmaat van die Gereformeerde Kerk bekend gestaan. Tydens die stigting van die gemeente „Kolonias Boera" op 4 Februarie 1907 deur ds. Jacobs, is hy as ouderling in genoemde gemeente verkies.¹³⁸⁾ Hy het toe ook by die N.G. Kerk aangesluit.¹³⁹⁾ In 'n brief gedateer 10 April 1907 in „Die Kerkblad", word berig dat van die Gereformeerdes net Tjaart van der Walt en P. Henning (later die skoonvader van ds. A.J. Jacobs), by die N.G. Kerk aangesluit het.¹⁴⁰⁾

Dit wil dus lyk asof Tjaart van der Walt die moontlikheid om na Argentinië te verhuis aangegryp het om uit sy benarde kerklike situasie uit te kom. Ons het die gebeurtenis ietwat breed behandel om sodoende die rol wat br. Tjaart van der Walt in die latere kerklike lewe sou speel, beter te kan verstaan en te beoordeel.

2. Die houding van die Afrikaanse Kerke teenoor die Trekke

2.1. Die N.G. Kerk van die Kaapkolonie

Aan waarskuwings om te trek het dit nie ontbreek nie. Die koerante was vol daarvan.¹⁴¹⁾ Maar nie net die koerante nie, ook Die Kerkbode het sy waarskuwende stem laat hoor:¹⁴²⁾ „Deze verstrooiing baart bezorgdheid ... Tegen de verbrekking van onze volkskrachten en de versnippering van ons volksgaven en talenten, moet door ieder weldenkende mensch op't krachtigst protest worden aangetekend".¹⁴³⁾

138) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

139) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.C., a.w., p.43.

140) Die Kerkblad, 1 Julie 1907.

141) „Ons Land", 30 April 1907 en 7 Mei 1907.

142) Die Kerkbode, 19 Julie 1906.

143) Ibid., 26 Oktober 1905.

Pas na die vertrek van die Visser/Venter-Trek in 1905, het die Kerkbode weer van hom laat hoor:

„Met weemoedige harten zagen wij voorleden Zaterdag 300 Afrikaners van hun Vaderland afscheid nemen. Zij zijn op weg naar Argentinië Wat ons in elken trek, die reeds op touw is gezet, als by uitstek onheilspellend voorkomt, is dat men zoo weinig beteekenis schijnt te hechten aan het bedreigde verlies van godsdienstige voorrechten. Men gaat luchthartig naar een land, waar de volksgodsdienst het Roomsche Katholicisme is. Het zal maanden duren voordat een leraar onzer Kerk de uitgewekenen in Argentinië zal kunnen bezoeken. Het zal jaren duren voordat zij een eigen leraar zullen kunnen onderhouden Wij zijn overtuigd dat de trek naar een vreemd land niet geschieden kan anders dan met geestelijke schade en zedelijken achteruitgang voor de trekkers".¹⁴⁴⁾

Maar, so skryf ds. A.D. Lückhoff, „Hoewel die blad van die Nederduits Gereformeerde Kerk sy stem van waarskuwing laat hoor het, is dit tog vreemd dat daar tydens die georganiseerde trekke tussen die jare 1902 en 1905, geen stem van die betrokke Ring of van die Sinodale Kommissie of selfs van die Sinode gehoor is nie".¹⁴⁵⁾

Aan waarskuwinge het dit dus nie ontbreek nie, maar een positiewe optrede en die tref van voorsorgmaatreëls met die oog op bearbeiding van die mense het dit vir 'n geruime tyd gesloer. Ds. Lückhoff sê egter dat die waarde van die rapporte van ds. Vorster in „Ons Land" daarin geleë was dat die aandag van die Kerk daardeur op Argentinië gevestig is.¹⁴⁶⁾

144) Die Kerkbode, 26 Oktober 1910.

145) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.20.

146) Ibid., p.18.

Die rapporte van ds. Vorster het dan ook aanleiding gegee tot die skryf van 'n vurige brief deur ds. A.G.T. Schoevers in die Kerkbode ten behoeve van die Trekkers.¹⁴⁷⁾ Hy het gepleit dat die mense so spoedig moontlik van die Kerklike voorregte voorsien moet word:

„De Kerk is zeker wel innigen dank aan ds. Vorster verschuldigd, die zoo welwillend het zijne heeft gedaan en ons den ernst der zaak onder de oogen gebracht heeft, maar nu hoop ik, dat er ook plannen beraamd zullen worden om dadelijk een Evangeliedienaar daarheen te zenden De ernst dezer zaak moet ons des te zwaarder op het hart wegen, als wij denken dat onze menschen zich in een land bevinden waar de Roomschen Kerk het heft in handen heeft. Waarlik deze gedachte is genoegzaam om onze Kerk tot dadelijk en ernstig werken aan te sporen. De roeping onzer Kerk in deze dagen is ernstig: God help haar die roeping te verstaan”.¹⁴⁸⁾

In die Kerkbode van 4 Augustus 1904, het die volgende onder die opskrif „De Boeren in Zuid-Amerika” uit

„Vereniging”, verskyn:

„Er is bepaald gebrek aan predikanten om al die vacaturen aan te vullen en alles te doen wat gedaan moet worden maar zelfs uit Zuid-Amerika is er een stem: Kom over en help ons! Wat wij ook mogen denken van de verhuizing, de roeping der Kerk is duidelik: zij moet zorgen dat de menschen bearbeid worden. Mogen stappen dadelijk genomen worden”.¹⁴⁹⁾ Nieteenstaande hierdie vurige pleitredes, het 1904 en 1905 verbygegaan sonder dat hierdie saak ooit deur 'n meerdere

147) Die Kerkbode, 18 Februarie 1904.

148) Ibid.

149) Ibid., 4 Augustus 1904.

vergadering bespreek is. Inderdaad was daar 'n louheid van die kant van die Kaapse N.G. Kerk t.o.v. die geestelike bediening van hierdie mense. Toe daar besluit is om ds. Jacobs na Argentinië te stuur, het Die Kerkbode uitgeroep: „Uiteindelijk”.¹⁵⁰⁾ Ds. L.P. Vorster wat die Trekkers 'n paar dae voor hulle vertrek kom besoek het, moes die Duitse Kerk in Langstraat bekom om 'n diens te hou. Hier het hy die Trekkers verder bemoedig en vermaan om nie hulle Protestantse geloof in die Roomse land prys te gee nie.¹⁵¹⁾

2.2. Ds. L.P. Vorster

Dit was veral ds. L.P. Vorster wat dit ten behoeve van die Trekkers opgeneem het. Op 'n gemeentevergadering van 13 September 1903, het hy verklaar:

„dat toe hy verneem dat een zekere aantal huisgezinne van plan waren uit Zuid-Afrika naar Argentina, Zuid-Amerika te verhuizen, hy besloot om ook samen te gaan voornamelijk met het doel om het land te gaan zien, maar ook om met een dan als Evangeliedienaar te voorzien in de geestelijke belangen der landverhuizers. Voor dit laatste heeft hy van zijn Kerkraad een lastbrief ontvangen”.¹⁵²⁾

Dat hy die geestelike belange van die mense werklik op die hart gedra het, getuig sy skrywe aan ds. A. Keizer in Noord-Amerika. In „De Wachter”, 'n kerklike tydskrif wat in Noord-Amerika gepubliseer word, het ds. Vorster 'n brief gesien wat 'n sekere F. Bening, skriba van die Holl. Chr. Gereformeerde Kerk in Buenos Aires, aan ds. Keizer gerig het. Van die bestaan van sodanige gemeente was ds. Vorster tydens sy besoek aan Buenos Aires in

150) Die Kerkbode, 19 Julie 1906, p.351.

151) Henning, P.H., a.w., p.9.

152) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Sien Bylaag 2.

1903, nie bewus nie. Hy vra nou aan ds. Keizer om hom van die adres van br. Bening te voorsien, daar genoemde broeder nie sy adres in die brief aan ds. Keizer vermeld het nie. Hy sou graag met die gemeente in kontak wil kom en wou sien

„dat de Holl. Chr. Gereformeerde gemeente van Buenos Aires in kennis en mogelijk ook in nouwer verband kome met de Holl. Geref. gemeente van Chubut door mij gesticht. De gemeente van Chubut is herderloos en loopt groot gevaar verstrooid te raken indien zij niet met eene andere Holl. Geref. Kerk in Zuid-Amerika in verband kome en daar onze boeren niet weten hoe een Gereformeerden predikant te bekomen is er gevaar dat zij onder de Roomschen kunnen vervallen. Als er een Geref. predikant te Buenos Aires is, of komt zal het toch voor hem niet te veel moeite wezen om naar Chubut te gaan ten einde de Holl. Geref. gemeente aldaar ook te bedienen". Ds. Vorster verstrekt verder aan ds. Keizer die adres van ouderling C.J.N. Visser met die oog op korrespondensie en stel die vraag: „Indien er geen Hollandse Geref. predikant in Buenos Aires is, zou ik de vraag aan de Holl. Chr. Geref. Kerk van Noord-Amerika willen doen, of het niet haar roeping is een predikant te zenden om de Holl. Geref. Kerken van Buenos Aires en Chubut te bedienen".¹⁵³⁾

Ds. Vorster het t.o.v. die geestelike bearbeiding van die mense egter nie gerus nie en op die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 4 Maart 1907, het hy die saak van die bearbeiding van die mense weer te berde gebring.¹⁵⁴⁾ Aangesien daar nou reeds voorsien was

153) G.K.A. - Buenos Aires. Brief van ds. Vorster ged. 10 Februarie 1904 aan ds. A. Keizer.

154) Sien Handelinge - Ook verslag in Kerkblad, 1 April 1907.

in die geestelike belange van die lidmate van die N.G. Kerk, het hierdie pogings van hom spesifiek die geestelike belange en bediening van die Gereformeerde lidmate geraak. Hy het nie gerus, so skryf ds. Sonneveldt later, voor hy versekerd was:

„dat van uit Buenos Aires de geestelike belangen der gereformeerden zouden behartigd worden. Hier past een woord van hartelijken dank aan deze dienstknecht des Heeren, die met deputaten in Noord-Amerika heeft gecorrespondeerd, totdat hij verzekerd was dat er aan zijn verzoek zou worden voldaan".¹⁵⁵⁾

Die Hervormde Kerk het nooit die aangeleenheid nl. die geestelike versorging van die Afrikaners in Argentinië ter tafel geneem nie, aangesien daar so weinig lidmate van die Kerk na Argentinië verhuis het.

Opsommenderwys kan ons dus sê dat daar 'n terughoudende houding by die N.G. Kerk van die Kaap te bespeur was met betrekking tot die voorsiening in die geestelike nood van hierdie mense, dat die blad van die Nederduitsch Geref. Kerk sy stem van waarskuwing laat hoor het, maar dat die Ringe of Sinodes niks laat hoor het nie, dat daar 'n houding by die Kerk bestaan het wat byna aan onverskilligheid gegrens het. Vir sendingwerk en vir die voorsiening in die geestelike nood van ander uitgewekenes was daar ruim fondse, maar vir hierdie werk kon daar nie fondse gevind word nie.¹⁵⁶⁾ Byna is die fout van die Voortrekkers herhaal toe min van ons toentertydse geestelike leiers die moed gehad het om die Afrikaner „die

155) Die Kerkblad voor Zuid-Amerika, Jrg.4, no.42, Augustus 1930.

156) Die Kerkbode, 4 Januarie 1906, „Blikken en het Rond".

wildernis in te volg".¹⁵⁷⁾ Toe die Trekke nou eenmaal 'n voldonge feit was, was die reaksie: „Nu is het lot beslist. Ons landgenoten zijn er en wij hebben ze te verzorgen. De Kerk vervult hierin haar roeping".¹⁵⁸⁾

Ons kry dus „wanneer die lot beslis was" tog met 'n simpatieke en roepingsbewuste houding by die Kaapse Kerk te make, soos Die Kerkbode later geskryf het: „de zending van ds. Jacobs dankt haar ontstaan aan een gevoel van verantwoordelijkheid en plig".¹⁵⁹⁾

2.3. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Wat die Gereformeerde Kerk betref, kry ons eers met die saak van die bearbeiding van die Gereformeerdes aldaar te doene op die Sinode van Maart 1907. By hierdie Sinode is 'n kommissie benoem wat met die Christelike Gereformeerde Kerk van Noord-Amerika in verbinding moes tree met die oog op die bearbeiding van die Gereformeerdes aldaar. Verder het ds. T. Hamersma verklaar dat hy reeds verlof van sy Kerkraad ontvang het om na Argentinië te gaan. Ouderling Venter van Philipstown het gevoel dat dit „zendingwerk van het echte soort" sal wees.¹⁶⁰⁾

Ons vind dus by die eerste Sinode van die Gereformeerde Kerk na die uittog van die mense na Argentinië, 'n simpatieke houding teenoor hulle geestelike bearbeiding.

Die houding van die kerk t.o.v. die Trekke na Argentinië, ten tye van hulle vertrek, is alleen maar af te lei uit die optrede en handelwyse van die kerkraad van die

157) Die Brandwag, 1 Mei 1915 - „Van die Editeur".

158) Die Kerkbode, 19 Julie 1906, p.351.

159) Ibid., 10 Desember 1908, p.638.

160) Sien Handeling 1907, Ook Kerkblad, 1 April 1907.

Gereformeerde Kerk Burgersdorp, wat eers aan ds. Vorster verlotf gegee het om as ewangeliebedienaar met die Trek van 1903 saam te gaan en dus so te voorsien in die geestelike belange van die landsverhuisers en daarna om n diens te gaan hou in Kaapstad vir die Trekkers wat in 1905 die land verlaat het.

